
SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za




You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



basic education

Department:
Basic Education
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

**NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

# RELIGIESTUDIES V2

**NOVEMBER 2024**

**PUNTE: 150**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 5 bladsye.**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit VYF vrae.

2. Beantwoord enige DRIE vrae.

3. Begin ELKE vraag op 'n NUWE bladsy.

4. Lees AL die vrae aandagtig deur.

5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Die lengte van jou antwoorde moet ooreenstem met die punte wat vir elke vraag toegeken is.

7. Skryf netjies en leesbaar.


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**VRAAG 1**

Lees die artikel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**XENOFOBIE/VREEMDELINGEHAAT EN RASSISME**

Daar is berig dat lede van Operasie Dudula[1] hierdie week swart migrante verhoed het om toegang tot gesondheidsdienste by die Kalafong Hospitaal in Tshwane te verkry. Die selfaangestelde hekwagters het besluit of hulle pasiënte sal aanspreek[2], hulle dokumente sal nagaan en moontlik sal laat omdraai, of ongehinderd sal laat gaan.

Die enigste kriterium was blykbaar velkleur. Dis nie verbasend dat wit mense vrye toegang gehad het nie. Swart mense is in twee groepe ingedeel: dié met 'n donkerder en dié met 'n ligter velkleur. Die spektakel van swart mense wat swartheid as 'n instrument van diskriminasie teen mede-swart mense gebruik het, is ryk aan ironie.

[1]Operasie Dudula: Suid-Afrikaanse teenmigrantegroep
[2]aanspreek: om iemand kragtig/aggressief te nader en met hom/haar te praat

[Bron: *Sunday Times*, www.sundaytimes.co.za, 4 September 2022]

1.1 Onderskei tussen *xenofobie/vreemdelingehaat* en *rassisme*. (4)

1.2 Skryf VIER sinne om xenofobiese en rassistiese gedrag te beskryf. (8)

1.3 Noem en verduidelik VIER faktore wat moontlik tot xenofobie kan bydra. (16)

1.4 Stel praktiese strategieë voor wat godsdiensgemeenskappe kan gebruik om xenofobie en rassisme te bekamp. (10)

1.5 Met verwysing na enige EEN godsdiens wat jy bestudeer het, bespreek die leringe daarvan wat xenofobie en rassisme veroordeel. (12)
**[50]**

**VRAAG 2**

2.1 Bespreek die verskille tussen *goddelike inspirasie* en *hedendaagse inspirasie*. (2 x 6) (12)

2.2 Verduidelik die oorsprong en ontwikkeling van die heilige skrif in enige EEN godsdiens wat jy bestudeer het. (12)

2.3 Noem en verduidelik enige DRIE hermeneutiese beginsels. (3 x 4) (12)

2.4 Watter strategieë het die Parlement van die Wêreld se Godsdienste gebruik om multigeloofsamewerking te bewerkstellig? Bespreek met relevante voorbeelde. (14)
**[50]**


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## VRAAG 3

3.1 Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

> Nie net verskil godsdienste van mekaar nie, maar daar is ook interne verskille binne die godsdienste.
>
> [Bron: *Focus on Religious Studies, Grade 12*]

3.1.1 Met verwysing na enige EEN godsdiens wat jy bestudeer het, noem TWEE vertakkinge wat binne daardie godsdiens bestaan. (4)

3.1.2 Bespreek die verskille in die vertakkinge wat jy hierbo genoem het, onder die volgende opskrifte:

(a) Leringe (12)

(b) Praktyke (12)

3.1.3 Met verwysing na die godsdiens wat jy gekies het, bespreek die redes vir die vorming van die vertakkinge. (12)

3.2 Volgens sekere godsdienste, word menslike lyding deur die bose veroorsaak.

Stem jy met hierdie stelling saam? Ondersteun jou antwoord deur te verwys na die kernleringe van enige EEN godsdiens wat jy bestudeer het. (10)
**[50]**

## VRAAG 4

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

> Wanneer mense daadwerklik sekulêr word, kom hulle agter dat hulle hulle eie teorie moet voorstel – iets wat godsdiens moet vervang.
>
> [Bron: *Religion Studies Grade 12*, Steyn]

4.1 Bespreek die oorsprong van sekularisme. (12)

4.2 Gee moontlike redes vir die toenemende gewildheid van sekulêre wêreldbeskouings. (12)

4.3 Hoe het sekularisme tot die praktyk van godsdienstige verdraagsaamheid in die wêreld bygedra? (14)

4.4 Bespreek die leringe van enige EEN sekulêre wêreldbeskouing wat jy bestudeer het. (12)
**[50]**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**VRAAG 5**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

> Godsdiens het sedert die begin van die mens se geskiedenis nog altyd 'n uiters belangrike deel van die mens se lewe gevorm. In teenstelling hiermee is die natuurlike wetenskappe, soos wat dit vandag beoefen word, 'n redelik onlangse ontwikkeling in die mens se geskiedenis.
>
> [Bron: *Religion Studies Grade12*, Steyn]

5.1 Vergelyk die wetenskaplike weergawe van hoe die heelal tot stand gekom het met die weergawe van enige EEN godsdiens. (12)

5.2 Bespreek die wetenskaplike verduideliking van hoe die mens ontstaan het. (14)

5.3 Verduidelik die verskillende reaksies van die volgende godsdienste op Darwin se evolusieleer:

5.3.1 Hindoeïsme (12)

5.3.2 Christendom/Christelike godsdiens (12)
**[50]**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou
SA EXAM PAPERS
Proudly South African